

---

# HOOFSTUK 4

## DIE ONTWIKKELING VAN DIE NAVORSINGSVERHAAL.

---

### 4.1 INLEIDING.

Die navorsingsproses gaan oor meer as net storie-vertelling. Dit gaan ook oor storie-ontwikkeling. Hoffman (1990:10) verwoord dit soos volg: “Together, while talking, interviewer and family may come up with some understandings or ideas that are different from those the family may originally have had in mind, and also different from those the therapist may originally have had in mind”. Anderson & Goolishian (1992:37) verwoord die ontwikkeling van die verhaal soos volg:

The developing therapeutic narrative is always presenting the therapist with the next question. From this perspective, questions in therapy are always driven by the immediate conversational event. To not-know means that the accumulated experience and understanding of the specific therapist is always undergoing interpretive change. It is in this local and continuing process of question and answer that a particular understanding or a particular narrative becomes a starting point for the new and not-yet-said.

Müller en ander (2001:84) vind die metafoer van ‘n Polaroid, soos gebruik deur Anne Lamott (1995:39) baie nuttig. Vir hulle is navorsing:

...very much like watching a Polaroid develop. You can't – and, in fact, you're not supposed to know exactly what the picture is going to look like until it has finished developing. First you just point at what has your attention and take the picture... maybe *your* Polaroid was supposed to be a picture of that boy standing against the fence, and you didn't notice until the last minute that a family was standing a few feet away from him... Then the film emerges from the camera with a grayish green murkiness that gradually becomes clearer and clearer, and finally you see the husband and wife holding their baby with two children standing beside them. And at first it all seems very sweet, but then the shadows begin to appear....

Die narratiewe navorser weet nie vooraf wat die oplossings is of behoort te wees nie. Hy is nuuskierig en wag vir die navorsingsplot om te ontwikkel. Lamott (1995:60) vergelyk dit met 'n Kersfeesboom, waar die navorser homself dikwels in 'n situasie bevind waar hy al die versierings het vir die Kersfeesboom, maar sonder die boom. Alles is reeds daar, maar dit lê rond sonder 'n plot wat dit saambind. Dit kan aanleiding gee tot mismoedigheid, want die karakters is daar, maar die plot ontwyk hom steeds. Anne Lamott (1995:60) gee die volgende raad:

...I would stay with the characters, caring for them, getting to know them better and better, suiting up each morning and working as hard as I could, and somehow, mysteriously, I would come to know what their story was. Over and over I feel as if my characters know who they are, and what happens to them, and where they have been and where they will go, and what they are capable of doing, but they need me to write it down for them because their handwriting is so bad.

Navorsing is in die eerste plek nie oor aksie nie, maar oor mense/ karakters-in-aksie. Hierdie karakters is deelnemers en nie objekte; hulle is mede-navorsers en behoort deel te wees van die ontwikkelingsproses. Die bydrae van die navorser is om te reflekteer en te fasiliteer en te wag totdat die plot te voorskyn kom. Dis meer as om net 'n "scribe" te wees; dit is soos om die assistent te wees van iemand wat haar outobiografie skryf. Om hierin te slaag, moet die navorser na die karakters luister, en moet hy empatie ("compassion") met hulle hê. Hoe beter hy hulle leer ken, hoe beter kan hy dinge vanuit hulle perspektief beskou. Die navorsingsproses is nie net oor storie-vertel nie, maar ook oor storie-ontwikkeling. As navorsers het ons 'n "interest of emancipation". Gergen (1999:5) merk op, "...in the hands of these scholars, the data dramatically succeeded in bringing provocative ideas about human interaction to life, thus generating debate and dialogue".

#### **4.2. DIE ONTWIKKELING VAN 'N VERHAAL.**

Harry Goolishian (in Freedman & Combs 1996:77) merk op, "Our prevailing narratives provide the vocabulary that sets our realities. Our destinies are opened or closed in terms of the stories that we construct to understand our experiences". Freedman & Combs (1996:77) stel dit dat, "There are always sparkling events that contradicts problem-saturated narratives". En dit is waaroor hierdie hoofstuk gaan, hoedat die narratiewe navorser en terapeut mense kan uitnoui om hierdie "sparkling events" vas te vang en in verhale te ontwikkel wat hulle kan/ wíl leef, en om in hierdie 'leef' hulself te ken op voorkeur, bevredigende wyses. Freedman & Combs bevestig dan dat die narratiewe waarvan hulle praat die verhale is wat mense *leef*, "...since our life narratives are our lives, it makes all the difference in the world what sort of narrative is available to a person". Hierdie verhale is nie oor die lewe nie, hulle *is* die lewe soos wat ons dit ken, lewe soos wat ons dit beleef. Freedman & Combs (1996:101) stel 'n bruikbare formaat voor vir die ontwikkeling van 'n verhaal. Ek gee die hoofpunte daarvan hier weer:

- Begin met 'n unieke uitkoms.
- Maak seker dat die unieke uitkomst 'n voorkeur ervaring verteenwoordig.
- Plot die verhaal binne die landskap van aksie.
- Plot die verhaal binne die landskap van bewustheid.
- Vra vrae na 'n verlede gebeure wat iets in gemeen het met die unieke uitkoms of die betekenis van die unieke uitkoms.
- Plot die verhaal van die verlede-gebeure binne die landskap van aksie.
- Plot die verhaal van die verlede-gebeure binne die landskap van bewustheid.
- Vra vrae om die verlede-gebeure te verbind met die hede.
- Vra vrae om die verhaal uit te brei na die toekoms.

#### **4.3. BELANGRIKE OORWEGINGS IN STORIE-ONTWIKKELING.**

Freedman & Combs (1996:87-89) bied die volgende oorwegings aan in die ontwikkeling van 'n verhaal:

##### **4.3.1 “Transformative stories are performed stories”.**

Freedman & Combs (1996:87) vertel die volgende verhaal van Milton Erickson: Terwyl Erickson op 'n keer saam met 'n vriend op reis was, vertel hy sy vriend van 'n ander rit wat hy 'n paar jaar gelede onderneem het op dieselfde roete. Terwyl hy besig is om hierdie verhaal te vertel probeer hy om onwillekeurig om sy motor – wat outomaties is - per handrat te wissel. Die storie wat hy besig was om te vertel het omtrent twintig jaar gelede plaasgevind toe hy 'n handrat-motor bestuur het. Terwyl hy die verhaal vertel, het hy sy voete outomaties beweeg asook sy hand uitgereik na die handrat. Hierdie “performance” van verhale gebeur nie outomaties of elke keer dat iemand 'n verhaal vertel nie. Dit gebeur wel wanneer iemand ingebed is in 'n verhaal en wanneer hy die verhaal as betekenisvol ervaar.

Freedman & Combs (1996:88) verwys dan onder andere na Bruner, Myerhoff, White, White & Epston as hulle meld dat hulle terapie sien as 'n ritueel of seremonie wat fokus op “the performance of meaning” van mense se voorkeurverhale aangaande hulself, hul verhoudinge en hul beleefde realiteite. “Along with Edward Bruner, we believe that stories become transformative only in their performance”. Hul bedoeling dan is nie om verhale mede te skep wat ervaring beskryf of verteenwoordig nie, maar om verhale mede te skep waardeur mense op hul voorkeure wyses kan leef.

#### **4.3.2 “The people we work with are the privileged authors”.**

Verhale word geskep deur gesprekke, en in terapie is die boustene waarmee stories opgebou word die wedervaringe van die mense met wie die terapeut in gesprek is. Die verhaal wat geskep word, is duidelik die persoon se eie, en is dit intens persoonlik. Verder kan die narratiewe terapeut ook nie weet waarheen die verhaal oppad is nie. Die narratiewe terapeut kan alleen die verhaal een stukkie op 'n keer mede-skep. Dit vra om nuuskierigheid en betrokkenheid in elke gedeelte van die verhaal soos wat dit na vore kom. Op elke gekonstrueerde gedeelte kan met 'n oneindige aantal vrae gereageer word, waarvan elkeen in 'n ander rigting sal lei. 'n Belangrike deel van die narratiewe terapeut se werk - as mede-skepper - is om baie oplettend te wees na die verbale en nie-verbale kommunikasie van die gespreksgenote, en om vrae te vra aangaande die ervaringe wat die mees betekenisvol vir hulle voorkom.

Aangesien die narratiewe terapeut nie weet waarheen die verhaal oppad is nie, en omdat hy nie die hoof-outeur is nie, stel Freedman & Combs (1996:89) dat hulle dikwels gebruik maak van die subjunktiewe modus. Hulle verwys na David Epston, wat in navolging van Jerome Bruner, hierna verwys as “subjunctivizing”, 'n term wat Bruner gebruik het om te verwys na “...trafficking in human possibilities rather than in settled certainties”. Verder verwys hulle na Lynn Hoffman wat die volgende

opmerking oor die werk van Tomm Andersen en sy kollegas sou maak, “They tend to begin their sentences with ‘Could it be that...?’, or ‘What if...?’ ”, terwyl die effek hiervan op hul gespreksgenote is om deelname en vindingrykheid aan te moedig.

#### 4.4. “AANGENAME KENNIS, EK’S CHEREESE.”

Ek sou nie weet wie Chereese is as ek haar op die terrein van die kindershuis moes raakloop nie. Dit was ‘n besorgde, ek-weet-nie-hoe-om-dit-te-hanteer huisma wat Chereese aan my bekend gestel het. Hier volg die *bekendstelling*: “Ek staan elke oggend halfvyf op om die kinders aan die gang te kry vir ontbyt en gereed-maak vir skool. Dit is nou al ‘n paar oggende dat ek om halfvyf Chereese kry waar sy opgekrul, partykeer nog aan die slaap, teen my woonstel deur sit. Ek skrik my elke keer boeglam. Sy sê sy kry vreeslike nagmerries en sy wil my nie opklop nie, maar dis vir haar beter om daar te sit as om in haar kamer te wees”. Aangesien ek op daardie stadium nie afsprake kon inruim om Chereese se verhaal in individuele gesprekke saam met haar te ontwikkel nie, het ek haar uitgenooi om saam met vier ander *survivors* deel te vorm van ‘n refleksiespan in Madilise se verhaal. Dit was in die ruimte van hierdie refleksie-gesprekke dat Chereese almeer haar eie verhaal begin vertel het. Toe ek hierdie ontwikkeling opmerk, het ek individuele gesprekke met Chereese begin inruim. Hierdie was vir my ‘n interessante ontwikkeling in die navorsingsverhaal, dat individuele gesprekke lei tot die vestiging van ‘n refleksiespan, en dat die refleksiespan weer lei tot kragtige individuele gesprekke. In ons eerste gesprek het Chereese maklik gesels oor Vrees, Bang en Nagmerries, hoe verskriklik groot hulle dikwels – bykans die heelyd – in haar vroeëre kinderjare was. Chereese het ook van haar ‘stiefpa’ – eintlik haar ma se “boyfriend” – vertel, die een wat vir Vrees en Bang in hul gesin en huis ingebring het. Hierdie ‘stiefpa’ was ook die een wat beide haar en haar jonger sussie verkrag en gemolesteer het, en later hul ma vermoor het, soos hy belowe (gedreig) het hy sou doen. Dit was

egter in die week voor ons gesprek dat daar 'n voorval in Chereese-hulle se huis plaasgevind het waarby sy betrokke was. Chereese het 'n ander dogter, ook 'n inwoner van hul huis, aan die keel gegryp, teen die muur vasgedruk en gewurg. Na hierdie voorval het Chereese op haar eie 'n brief geskryf wat sy saamgebring het na ons gesprek. Met die deurlees van die brief het ek opgemerk dat sy 'n paar keer die woord "terugkry" gebruik het, en het ek 'n sterk vermoede gehad dat Terugkry 'n moontlike kandidaat-"unique outcome" kon wees, en daarom 'n moontlike poort tot 'n nuwe verhaal vir Chereese kon verteenwoordig.


10 April 2005

Ek het iets verkeerd gedoen.  
Ek het vir hulle aan haar keel gegryp.  
en ek het haar geklop. Ek weet nie wat  
met my aan gaan nie. Ek verloor gou  
beheer. En ek kan dit nie laat nie.

Ek dink ek weet <sup>hoekom</sup> dit gebeur want ek  
mis my ma en ek wil graag iemand  
terug kry vir haar dood. Ek sal my  
~~self~~ dood maak en ek gaan dit gou  
doen.

Ek wil dood gaan en gou.  
~~Ek gaan my self~~  
Ek wil by my ma wees. My ma  
het dit nie vir die dood om dood  
te gaan ~~te~~ nie. Hy moes  
my lewarsste dood gemaak het.  
hoekom sy en hoekom nie ek nie.

Ek haat vir Loukie en ek was  
hy gaan dood. Daar is eending wat  
ek gaan doen as ek uit die kinder-  
huis uit gaan ek gaan almal terug  
kry wat die van my ma se  
dood is. Sy moes deur die pyn  
gegaan het so hulle gaan veel dit



Dikwels bied mense “unique outcomes” op ‘n direkte wyse aan, maar minder dramaties as byvoorbeeld Chereese. Dit is ook nie ongewoon dat mense – terwyl hulle besig is om hul lewens te herskryf om unieke uitkomst bymekaar te maak om dit dan aan die terapeut te vertel nie. Met ander tye is dit belangrik dat die terapeut baie fyn moet luister om nie die unieke uitkomst te mis wat weggesteek lê in mense se beskrywing van hul probleem-verhale nie.

#### 4.5. RUIKTE EN OPENINGE VIR NUWE VERHALE.

##### 4.5.1 Om te *luister* vir openinge.

Alhoewel daar gewoonlik eers gefokus word op die dekonstruksie van probleem-deurweekte verhale, en daarna gepoog word om nuwe verhale na vore te bring, gaan die konstruksie van voorkeur-verhale bykans altyd hand-aan-hand met die proses van *dekonstruksie*. Die poort waardeur Freedman & Combs (1996:89) mense nooi om nuwe verhale te skep en te leef, is deur *unique outcomes*, dit is, “...anything that wouldn’t have been predicted in light of a problem-saturated story. Unique outcomes constitute openings that, through questions and reflective discussion, can be developed into new stories”.



#### **4.5.2 Om te vra vir openinge.**

Dikwels ontstaan openinge spontaan terwyl die narratiewe terapeut dekonstruktief luister en mense uitvra na die effek van die probleem op hul lewens en verhoudinge. Indien openinge nie spontaan ontstaan nie, kan die narratiewe terapeut meer direk na hul bestaan uitvra. Met die benutting van relatiewe invloedsvrae kan die gespreksgenoot uitgenooi word om aan geleenthede te dink waar hy/ sy 'n invloed op die bestaan van die probleem gehad het. Wanneer hierdie soort vrae volg op 'n gedetailleerde navrae na die effek van die probleem op die persoon, vind mense dit maklik om aan gebeure te dink waar hulle die invloed van die probleem kon ontwyk. Elke so 'n gebeurtenis is 'n potensiële opening na 'n alternatiewe lewensnarratief. Freedman & Combs (1996:91) behandel ook ander soorte vrae wat unieke uitkomst na vore kan bring, vrae wat openinge skep vir alternatiewe verhale, soos hipotetiese uitkoms vrae, vrae vanuit ander se perspektief, en vrae aangaande verskillende konteks- en tydramwerke.

#### **4.5.3 Om seker te maak die openinge verteenwoordig 'n voorkeur ervaring.**

Wanneer die narratiewe terapeut 'n kandidaat "sparkling moment" waarneem, kan hy/ sy vrae vra soos, "Stel jy meer hierin belang?", "Was jy verras hieroor?", "Is dit iets waarvan jy meer in jou lewe wil hê?", en "Is dit 'n goeie of slegte ding vir jou?". Vrae soos hierdie nooi die gespreksgenoot uit om te oorweeg of iets wat die terapeut waarneem as 'n moontlike opening wel iets nuuts is vir hulle, en of hierdie opening in 'n voorkeur-rigting is teenoor die rigting van die probleem-deurweekte verhaal.

#### **4.6. OM 'N OPENING TOT 'N NUWE VERHAAL TE ONTWIKKEL.**

Wanneer ooreengekom is oor 'n voorkeur opening wat relevant en interessant is vir die gespreksgenoot, nooi die terapeut die gespreksgenoot uit om dit in 'n alternatiewe verhaal te ontwikkel. Vir Chereese was Terugkry (en "Revenge") die opening tot 'n alternatiewe verhaal. In Chereese se vertel van hierdie verhaal het daar vir haar 'n "performance of meaning" plaasgevind. Chereese het haarself in hierdie verhaal en herinneringe ingebed en het sy hierdie verhaal oor tyd ontwikkel. Dit was telkens vir my opvallend hoedat Chereese, wanneer sy agterkom dat haar vermoë om haar eie verhaal te skryf, word erken, sy 'met energie' aan die ontwikkeling van hierdie verhaal gewerk het. Nie net kon Chereese die verhaal van hierdie gebeure onthou en vertel nie, sy kon ook 'n spekulatiewe geskiedenis en geantisipeerde toekoms daarop baseer. Alhoewel hierdie toekoms nog net geantisipeer was, het Chereese hierdie nuwe verhaal begin leef. Vir Chereese was dit werklik 'n geval van, "It becomes more real when you say it out loud". Met elke ontwikkelingsmoment van haar verhaal was Chereese bewus van die transformerende krag in die "re-authoring" van haar lewensverhaal. Freedman & Combs (1996:93) stel dit soos volg, "In order to make the therapy conversation a 'ritual space' in which the performance of meaning can occur, we strive to maintain the kind of focused attention and mutual respect that will make it easy and natural for people to become experientially involved in the stories they are telling. Ideally, people should be reliving the events as they tell them".

##### **4.6.1 Dink soos 'n roman- of rolprentskrywer.**

Goeie romanse, toneelstukke en poësie skep wêreldes wat die leser kan binnetreë. Freedman & Combs (1996:93) stel dat hulle dit nuttig vind om na te dink oor wat 'n storie dwingend en meesleurend maak, en hoedat hul ervaringe en verbeelding ingetrek word in bepaalde stories. Een van die wyses waarop romanskrywers,

toneelskrywers, en ander gevestigde storievertellers hul verhale ervaringsryk en lewendig maak, is om detail in te sluit. "...[D]etail creates this scene, and pulling us into it". Freedman & Combs (1996:94) brei uit, "...when people search for specifics of detail in memories, they tend to become experientially involved". Verder meen hulle dat dit belangrik is om – in die teenstaan van die effek van die probleemdeurweekte verhaal – so 'n ryk, gedetailleerde en betekenisvol as moontlik, alternatiewe verhaal ("counter-story") te ontwikkel. Wanneer Freedman & Combs (1996:94) die verhaal van een van hul gespreksgenote behandel, maak hulle die volgende betekenisvolle opmerking, "...The (counter-) story was always a possible part of Jessica's life narrative, but until the previous six weeks the events from which it was constructed had been lying around disconnected and gathering dust in seldom-visited memories".

Een van die wyses waarop seker gemaak kan word dat mense detail by hul verhale insluit, is om navraag te doen na *veelvoudige ervaringsmodaliteite*. En stel hulle (Freedman & Combs 1996:94) dat hulle dit nuttig gevind het om uit te vra na wat die gespreksgenoot gesien, gehoor en gevoel het, "We have found that people become more experientially involved in an emerging story if they include more than one modality of experience".

#### **4.6.2 Karakters en veelvoudige gesigspunte.**

Die meeste verhale het 'n aantal karakters. En aangesien die narratiewe terapeut realiteit sien as 'n sosiale konstruksie, maak dit sin om ander karakters in te sluit in die herskryf ("re-authoring") van verhale. Ander karakters kan ingesluit word deur na hul gesigspunt uit te vra. Rorty (1991:74) stel dit soos volg:

The novelist's substitute for the appearance-reality distinction is a display of diversity of viewpoints, *a plurality of descriptions of the same events*. What the novelist finds especially comic is the attempt to privilege one of these descriptions, to take it as an excuse for ignoring all the others. What he finds heroic is not the ability sternly to reject all descriptions save one, but rather the ability to move back and forth between them.

Om van gesigspunt te verander, bring bykans altyd ander detail na vore, ander emosies, of ander betekenis. Daar is talle gesigspunte wat voorgestel kan word: om deur die oë van ander mense te kyk (familie, 'n medewerker, 'n beste vriend(in), die oortreder), om deur jou oë te kyk maar op 'n ander ouderdom, "stepping back" – om na die gebeure te kyk vanuit 'n refleksiepunt, om vanuit die toekoms terug te kyk na die verlede, om vanaf die verlede vorentoe te kyk, ensovoorts. Om aandag te skenk aan die dekor en bedrywe van die verhaal maak die verhaal ook meer boeiend. In hierdie opsig is dit dan belangrik dat vrae gevra word om kennis aangaande die verskeie kontekste van 'n persoon se lewe in te win. Verder merk Freedman & Combs (1996:96) op dat, "In other situations, drawing out descriptions of context grounds stories in actual places. This can be important in making sure that these stories are lived stories. Situating their experience in these places draws people into performance of stories".

#### **4.6.3 Dubbele landskappe.**

Michael White (White & Epston 1990) volg Jerome Bruner na wanneer hy skryf oor die dubbele landskappe van aksie en bewustheid ("landscape of action" en "landscape of consciousness"). Aangesien hy daarvan oortuig is dat die verhale wat mense se lewens konstitueer in beide hierdie landskappe ontvou, meen hy dat die terapeut na beide landskappe navrae moet doen. Bruner (1986:14) skryf dat

*die landskap van aksie* se "...constituents are the arguments of action: agent, intention or goal, situation, instrument, something corresponding to a 'story grammar' ". Dit stem ooreen met die wie, wat, wanneer, waar en hoe van joernalistiek. In die landskap van aksie word die opeenvolging van gebeure oor tyd gestippel ("plot"). Dit blyk egter dat die meeste van wat reeds onder 'Om openinge vir 'n nuwe verhaal te skep' bespreek is, verwant is aan die landskap van aksie: detail in veelvoudige modaliteite wat die gesigspunte van veelvoudige karakters in 'n bepaalde bedryf, insluit. Wat nodig is om alhier by te werk is die aksie self. Wat het gebeur, in watter volgorde, en watter karakters was betrokke.

Binne die *landskap van aksie* fokus die narratiewe terapeut daarop om saam met die gespreksgenote 'n "agentive self" te konstrueer. Dit is, vrae word gevra om daardie aspekte van die ontluikende verhaal uit te lig wat "personal agency" ondersteun. Die aksie van herskryf vra om en demonstreer "personal agency". Freedman & Combs (1996:97) stel voor dat die narratiewe terapeut dit verder neem deur "personal agency" voor die handliggend te maak deur op 'n verskeidenheid van wyses te vra na hoe mense bereik het wat hulle bereik het. "Hoe?"-vrae is veral nuttig om mense uit te nooi om stories waaruit "personal agency" blyk, te ontwikkel. Die antwoorde op hoe?-vrae maak verhale ervaringsryk en lewendig, en ontwikkel dit dikwels opeenvolgings van gebeure deur tyd. Die antwoorde op derglike vrae kom bykans altyd in die vorm van verhale.

Dit maak nie saak hoe lewendig 'n verhaal in die landskap van aksie is nie, indien dit betekenis wil hê, moet dit ook ontwikkel word in *die landskap van bewustheid*. Met landskap van bewustheid verwys Freedman & Combs (1996:98) na daardie verbeelde ruimte waarin mense die betekenis, begeertes, bedoelinge, oortuigings, verbintenisse, motivering en waardes uitstippel ("plot"), wat verwant is aan hul ervaringe in die landskap van aksie. "In other words, in the landscape of consciousness, people reflect on the implications of experiences storied in the landscape of action".

Om *die landskap van bewustheid* te eksploreer vra hulle betekenis-vrae, meld Freedman & Combs (1996:98-99). Hierdie is vrae wat mense uitnoui om terug te staan van die landskap van aksie en te reflekteer op die wense, motivering, waardes, oortuiging, leringe, implikasies, en so meer, wat aanleiding gee tot en vloei vanuit die aksies wat hulle van vertel het. “In co-authoring stories, we move between the landscape of action and the landscape of consciousness, *weaving* the two back and forth again and again”.

#### **4.6.4 Hipotetiese of spekulatiewe ervarings.**

Fiksie, skryf Freedman & Combs (1996:99), het hulle geleer dat waarheid gevind kan word (selfs) in die beskrywing van gebeure wat nooit plaasgevind het nie. En verwys hulle na Edward Bruner (1986:18) wat sou opmerk, “...stories serve as meaning-generating interpretative devices which frame the present within a hypothetical past and an anticipated future”.

Geïsoleerde “sparkling moments” kan maklik verlore gaan of misgekyk word. Die moment dat hulle te voorskyn kom, kan die terapeut hulle gebruik as ‘n basis om te spekuleer oor hoe dinge kon gewees het, of hoe dinge moontlik nog kan wees, as ‘n manier waarop hierdie “sparkling moments” lewendig gehou en ge-storie kan word. ‘n Hipotetiese verhaal kan die basis vorm waarop werklike hede- en toekoms-gebeure gebou word.

Chereese se verhaal van Terugkry bied ‘n uitstekende voorbeeld van ‘n hipotetiese verhaal. As narratiewe terapeut is dit vir my meer gepas om hierdie hipotetiese verhaal te aanvaar as ‘n weergawe van Chereese se identiteit eerder as enige ander weergawe wat onderdruk en/ of voorgeskryf word deur die probleem-deurweekte verhaal. Veral omdat dit die identiteit verwoord wat Chereese self ‘n

voorkeur voor het. Die identiteit wat gaan oor haar wat te bang is om *op te staan* of *terug te kry* was nog nooit haar voorkeur identiteit nie, dit was 'n verdigsel op haar afgedwing en aan haar voorgeskryf deur Vrees, Bang en Nagmerries.

Die volgende transkripsie bied 'n uitstekende voorbeeld van die wyse waarop Chereese se verhaal ervaringsryk en lewendig gemaak is deurdat uitgevra is na detail aangaande gebeure en karakters, asook na dit wat sy gesien, gehoor en gevoel (ervaringsmodaliteite) het. Met "Hoe?"-vrae en betekenis-vrae is Chereese se verhaal verder verryk en *ge-skryf* deur die eksplorering van beide die landskap van aksie en identiteit. Die mees opvallende egter in hierdie transkripsie is die hipotetiese of spekulatiewe aard van die verhaal. Tog meen ek dat Chereese nie by die "re-authoring" van haar verhaal sou uitkom indien sy nie hierdie *waarhede* aangaande haarself wat in hierdie verhaal na vore gekom het, ontdek het nie.

Chris: Kan jy vertel wat verlede week in julle huis gebeur het?

Chereese: Ek was klaar opgedinges, ek was klaar baie kwaad. Toe gaan lê ek voor die TV om te kalmeer en om te vergeet wat gebeur het. Toe kom daar twee dogters wat op mekaar skree. Ek vra toe vir hulle om op te hou skree want ons kyk 'n fliel. Een van die dogters was sommer mislik met my. Later vra ons vir die ander dogter om die lig af te skakel want dit skyn op die TV. Sy sê toe dat sy dit sal doen, maar toe begin die ander dogter op haar skree: "Haai, hoe moet ek my klere kry as die lig af is?". Ek is nie gewoond daaraan dat iemand mislik met my is en op my skree nie, want dit laat my dink aan wat hy aan my gedoen het en op my geskree het. Toe sê ek vir haar: "Wat het jy nou gedoen?". Toe sê sy vir my: "Wie dink jy is jy?".

Ek het toe maar stil gebly en niks aan die saak gedoen nie, maar sy het aangehou om my die heelyd te ‘gharra’ (te pla). Dit het my kwater en kwater gemaak. Sy sê toe vir my: “Hoor hier, ek sal op jou skree wanneer ek wil”. Toe sê ek vir haar: “Moenie dit doen nie want ek gaan jou seer maak”. Toe daag sy my uit: “Wys my”. Ek vra haar toe om dit liewers te los, want hier gaan moeilikheid kom. Sy hou toe aan en aan en aan, en sy skree op my, en sy sê goeters vir my waarvan ek nie hou nie, soos, “Ja, dis deur jou dat jou ma dood is”. Toe raak ek kwaad, en toe ek kwaad word, toe gryp ek haar aan haar keel.

Chris: Sê nou maar jy kan net een of twee woorde gebruik, wat sou jy noem wat gebeur het?

Chereese: Aan die eenkant was dit ‘n ongeluk, aan die ander kant was dit “revenge” want ek het gedog sy was die ene wat my seergemaak het.

Chris: Want toe jy die storie vertel het, het jy gesê: “Toe sy op my skree, toe dink ek daaraan hoe hy altyd op my geskree het? En “revenge”, waar kom “revenge” in die storie in?

Chereese: Vandat my ouma my vertel het hoe my ma gelyk het toe sy dood is.

Chris: Is dit waar *Revenge* vandaan kom? Jy het aan die begin van jou storie nogals baie ook oor Kwaad gepraat?

Chereese: Hmm. Kwaad was erg daarso.



Chris: Kwaad was erg daarso...? Wat het Kwaad erg gemaak daarso?

Chereese: Kwaad was soos 'n rots.

Chris: Wat van Kwaad was soos 'n rots?

Chereese: Dit was groot.

Chris: So, jy het nou al gesê dat Kwaad was erg, en dit was groot. Hoe groot? Kan jy wys?

Chereese: "Massive!".

Chris: "Massive"...? Hoe groot is "massive"?

Chereese: (wys met handgebaar)

Chris: Is dit ook die erg daarvan, dat Kwaad so groot was?

Chereese: Ja.

Chris: Okay, ek is sommer net bietjie nuuskierig oor hoe baie kere Kwaad al opgeduik het in jou lewe?

Chereese: Hmm. Sê nou maar iemand baklei voor my, dan begin ek kwaad te word, ek kan dit nie keer nie, en as dit klaar is, is Kwaad steeds daar, dan sal ek myself probeer versmoor in 'n kussing.

Chris: Watse ander goed doen Kwaad nog?

Chereese: Dit dryf jou tot op 'n punt om iemand baie erg seer te maak.

Chris: En is dit wat in julle huis gebeur het?

Chereese: Hmm.

Chris: So Kwaad dryf jou om iemand seer te maak. Is dit “revenge” waarvan jy gepraat?

Chereese: Hmm.

Chris: Ek het aan die begin gevra na hoe baie kere Kwaad al daar was in jou lewe. Nou wonder ek maar net, kan jy terug onthou wanneer Kwaad die eerste keer in jou lewe opgeduik het?

Chereese: Hmm. Dit was die dag toe my ma haar eerste pensioen van haar vorige werk gekry het. En toe sy die aand terug kom, toe baklei hy met haar, en begin hy haar slaan. En toe wou hy my en my sussie ook nog slaan. Toe hardloop ek uit die huis uit, toe vergeet ek maar my sussie is op die “swing” en hy kan haar in die swembad gooi of iets aan haar doen. Toe gryp ek haar aan haar hand, toe sê ek: “Sussie, kom. Ons gaan nou na oupa toe dat oupa hierdie ou kan kom skiet”. Net toe ons by die hek uitkom, toe hardkoop my ma uit die huis uit, oorkant na die bure toe. Toe bly sy daar vir 'n rukkie. Toe bly ek en my sussie in die garage - vir drie dae lank in die garage.

Chris: Wat het julle daar gemaak?

Chereese: Ons het daar weg gaan kruip.

Chris: Wat het jy gevoel toe Leon\* vir Mamma geslaan en seergemaak het? Hoe is dit dat jy nie toe vir Leon ook gegryp en gewurg het nie?

Chereese: Want ek was toe maar net vier of vyf jaar oud.

Chris: Okay, hoe groot is 'n dogtertjie as sy vier of vyf jaar oud is? En hoe groot was Leon?

Chereese: So... (wys met handgebaar) Hy's lank.

Chris: So dis omtrent meer as dubbeld so groot? Okay, vertel my iets van Leon.

Chereese: Hy was 'n dronk ding.

Chris: 'n Dronk ding? Het dronk en slaan en vloek altyd saam gegaan?

Chereese: Soos 'n mens sê, hy was 'n alkoholis.

Chris: Hy was 'n alkoholis. Wat het drank met Leon gemaak?

Chereese: As ons by die huis was - ek en my sussie - as ons in die kamer gesit het... ons het altyd die deure agter ons gesluit. Eenkeer toe drink hy nog, ek weet nie wat nie, maar dit was sulke sterk drank. Toe drink hy dit. Toe sien my sussie Leon kom uit met 'n paar bottels drank. Toe sê sy vir my: "Hoor hierso sussie, ek dink ons beter kamer toe gaan". Toe vra ek: "Hoekom?", toe sê sy vir my: "Want Leon gaan nou weer iets aan ons doen. As ons nie nou kamer toe gaan nie, gaan daar moeilikheid wees".

Chris: Hoe oud was Angelica?

Chereese: Drie.

Chris: Sjoe! So sy was nog jonger as jy, en sy het toe al planne kon maak?

Chereese: Hmm, want sy het dit eenkeer van my ma geleer, en by my.

Chris: Okay, so sy het van die planne ook by jou geleer?

Chereese: Ja.

Chris: Wat was die plan?

Chereese: Om kamer toe te gaan en die deure te sluit.

Chris: So dis eintlik twee planne -in-een?

Chereese: Ja.

Chris: Om kamer toe te gaan, en om die deur te sluit.

Chereese: Hmm.

Chris: Jy het gesê sy sien dit raak - het jy dit ook raakgesien wanneer daar moeilikheid kom?

Chereese: Ek het, as ek dit raakgesien het, het ek al die sleutels van die huis gevat. Dan het ek en my sussie... sy het hom eenkeer aan die been gebyt.

Chris: Hmm-hmm.

Chereese: En toe be-“jump” ek hom, toe bespring ek hom van voor af.

Chris: Wat het hy gemaak daai keer wat julle so opgestaan het teen hom?

Chereese: Ek en my sussie het nog so met ons ma gespeel - sy het ons gekielie, en alles, toe kom hy, toe sê hy vir ons ons moet loop. Toe hoor ons net my ma huil en dit, maar hy het vergeet om die skuifdeur te sluit. Toe gaan ons, toe sê ek vir my sussie, “Hoor hier, ons gaan nou by die skuifdeur uit, ek *worry* nie wat hy aan my gaan maak nie, maar hy gaan nie aan Mamma so raak nie”.

Chris: Het hy weer vir Mamma geslaan?

Chereese: Ja.

Chris: Is dit hoekom sy gehuil het?

Chereese: Ja. Toe sê sy: “Wel sussie, ek is saam met jou. En as hy dink hy gaan met dit wegkom, is ek jammer, ek gaan hom kry.”. Toe sê ek vir haar: “Okay, sussie, ek het ‘n idee. Hoekom vat jy nie die besem nie en ek kry ‘n “baseball bat”. Toe sê sy: “Nee, ek het mos tande, ek kan mos byt”. Toe sê ek: “Okay”.

Chris: Sy byt hom toe en jy be-“jump” hom?

Chereese: Ja, toe ek hom be-“jump” toe gee my sussie ‘n lap aan en toe maak sy sy hande agter sy rug vas dat hy ons nie kan slaan of iets nie.

Chris: Julle was nog klein, hoe kon julle al die goed aan ‘n groot man doen?

Chereese: Ons... ek het dit eenkeer gesien op TV, toe sê ek vir my sussie ek gaan dit nou eksperimenteer. En ek *worry* nie nou of hy my gaan slaan of iets nie, maar ek gaan hom kry. Toe sê sy: “Ja-nee, as jy in moeilikheid kom, kom ek ook”.

Chris: Okay.

Chereese: Toe sê ek vir haar, “Nee, okay, ons kom altwee in die moeilikheid, dan kan Mamma met ons na die tyd raas. Toe ek hom be-“jump” het, en hy geblinddoek was, en my sussie sy hande vasgemaak het, en sy hom erg gebyt, hoor. Die bytmerk het daar gesit vir weet nie hoe lank nie. Toe ek hom so be-“jump”, toe trek ek sy neus vir hom. Toe skree hy, en toe hy so skree, toe skrik ek, toe *jump* ek van hom af, toe hardloop ek. Toe sê my sussie: “Maar hy is dan geblinddoek, jy moet terug kom. Toe ek terugkom sê ek vir haar: “Sussie, weet jy wat, hoekom kry ons hom nie terug vir wat hy aan ons gedoen het nie?”. Toe vra sy: “Soos wat?”, toe sê ek: “Ons geslaan het, ons mishandel het, en dit”. Toe sê sy: “Uhh-uh. Ek het hom klaar gebyt, my tande is nou seer”.

Chris: Ja.

Chereese: Sy was lekker wintie daarso. Toe sê ek vir haar: “Hoor hierso sussie, ek het ‘n idee. As hy ons vloek of iets, dan kan jy maar sy hare trek, want dan gee ek jou toestemming. Toe vloek hy my en toe sê hy vir my ek is ‘n ‘dit’. Toe trek my sussie sy hare en sê vir hom: “Hoor hierso, jy vloek ons nie, ons ma het ons nie so gedoop nie, hoor. Ons het name, Angelica en Chereese”. Toe hou sy aan en aan en aan. Toe sê ek vir haar: “Sussie, jy weet wat, ek dink ons beter hom laat losmaak, sy hande, alles. Ons moet vinnig kamer toe hol. Sy sê: “Doen jy dit”. Toe sê ek: “Okay, ek sal dit doen”.

Chris: Goed, toe het julle alles losgemaak, maar julle het ‘n plan gehad om dan kamer toe te hardloop, nê?

Chereese: Ja.

Chris: Okay, ek wonder, sjoe, dis eintlik ‘n vreeslike storie. Hoe voel ‘n mens as jy net so groot is en hier is ‘n dronk grootmens wat jou ma slaan, wat vloek en raas en ook julle seermaak. Hoe voel ‘n mens, hoe voel ‘n vyfjarige dogtertjie?

Chereese: Dis soos, ekki, wat hy aan my gedoen het, ek voel vuil, ek voel misbruik, en ek voel... ek voel soos ‘n stuk “rubbish”.

Chris: Toe ek netnou gesê het: “Sjoe, maar Angelica is eintlik nog klein en kyk net al die klomp planne wat sy al gemaak het”, toe sê jy: “Maar sy het dit by my en my ma geleer”.

Chereese: Hmm.

Chris: Ek gaan dit nou snaaks sê - Leon se dronk, en Leon se kwaad en Leon se “abuse” het julle nie dom gemaak nie, julle as vroue het met mekaar gepraat en saam ‘n klomp planne gemaak. En die planne was planne soos om na julle kamers toe te gaan, om die deure te sluit, om te kyk watter deure is oop en watter is gesluit. Jy het van die glasdeur gepraat, die skuifdeur, om die polisie se nommer te ken, te weet waar die telefoon is, te bel, en om in die kas weg te kruip. Dis ‘n klomp planne, nê? Kan jy dink aan enige ander planne wat julle ook geken het?



Chereese: Daar was altyd ‘n bank... wat oopge-“zip” het dan kan jy in die bank wegkruip.

Chris: Dis ‘n interessante wegkruipplek. En julle het eenkeer ook in die garage weggekruip... hoe goed kan ‘n dronk man soek?

Chereese: Nie goed nie.

Chris: Nie goed nie. So, wegkruip was ‘n goeie plan?

Chereese: Ja.

Chris: Die planne wat julle gemaak het... Angelica wat hom byt en jy wat hom be-“jump” - dit klink vir my baie na Terugkry.

Chereese: Ja.

Chris: Want jy het in jou brief daarvan geskryf, eintlik het jy ‘n paar keer in die brief die woord gebruik, en pertinent gesê dat jy hom wil terugkry.

Chereese: Hmm.

Chris: So buiten dat julle planne gemaak het om veilig te bly, het julle ook al daai tyd ‘n plan gehad om hom terug te kry. Was daai storie ‘n Terugkry-storie?

Chereese: Ja, ek dink ook so.

#### **4.7. OM 'N GESKIEDENIS VAN DIE HEDE TE ONTWIKKEL.**

Michael White (White & Epston 1990:9) skryf:

Social scientists became interested in the text analogy following observations that, although a piece of behavior occurs in time in such a way that it no longer exists in the present by the time it is attended to, the meaning that is inscribed into the behavior survives across time. In striving to make sense of life, persons face the task of arranging their experiences of events in sequence across time in such a way as to arrive at a coherent account of themselves and the world around them.

Wanneer met sulke weergawes gewerk word – wanneer 'n “sparkling moment” geïdentifiseer is – behoort die narratiewe terapeut hierdie gebeure te verbind met ander voorkeur gebeure wat oor tyd voorgekom het sodat die gebeure en hul betekenis die gespreksgenoot se verhaal op 'n voorkeur wyse kan verryk (“thicken”). Daarom, sodra 'n voorkeur gebeure geïdentifiseer en ge-storie word, begin die narratiewe terapeut vrae vra wat daartoe kan bydra dat hierdie voorkeur gebeure verbind kan word met gebeure in die verlede en die toekoms.

Freedman & Combs (1996:100) skryf dat voordat hulle 'n narratiewe kaart as werkswyse aangeneem het, hulle werk daarop gefokus het om mense te help om hulpbronne (“resources”) vanuit nie-problematiese lewenskontekste te identifiseer en om dan hierdie hulpbronne aan te wend in problematiese lewenskontekste. En was dit daarom nie vreemd vir hulle om verlede-ervaringe te deursoek na hulpbronne nie. Derhalwe, het hulle hierdie hulpbronne beskou as bewustheidstoestande en het hulle hierdie verlede-ervaringe slegs benut as 'n wyse waarop mense toegang kon verkry tot hierdie hulpbronne. En het hulle min moeite gedoen om hierdie ervaringe en toestande tot 'n verhaal te verbind wat

deur die loop van tyd kon standhou. Nou, meld Freedman & Combs, beskou hulle hierdie ervarings as belangrike lewensmomente wat deur die “performance of meaning” en ‘n verbintenis met ander soortgelyke ervarings, problematiese verhale kan wysig op voorkeur en bevredigende wyses. “This leads us to devote much of our time and energy to re-viewing, re-experiencing, and linking together the antecedents of present unique outcomes”. Michael White (1993) noem hierdie soort verhaal, wat die resultaat van hierdie proses is, ‘n geskiedenis van die hede (“ a history of the present”).

#### **4.8. OM HIERDIE VERHAAL NA DIE TOEKOMS UIT TE BREI.**

Die narratiewe terapeut sou ook kon vra hoe hierdie ontluikende nuwe verhaal die gespreksgenoot se idees oor die toekoms beïnvloed. Hoe meer mense daarin slaag om hul verledes vry te maak van die onderdrukkende greep van probleemgedomineerde verhale, hoe meer is hulle in staat om ‘n minder problematiese toekoms te visualiseer, te verwag en te beplan.

Vanuit Chereese se hipotetiese vertelling van *Terugkry* is ‘n geskiedenis van die hede geskep, en kon Chereese nou uitgenooi word om hierdie verhaal uit te brei na die toekoms. In respons op my vraag: “Hoe dink jy kan *Terugkry* se verhaal jou in die toekoms help?”, het Chereese begin om haarself te verbeeld as iemand wat meer en meer vir haarself opstaan, iemand wat baie planne kan maak, en iemand wat braaf genoeg is om dit uit te voer. Chereese kon nou werklik begin glo dat dit vir haar moontlik is om braaf en vindingryk te leef, iets wat voorheen niks meer as ‘n verdigsel of sprokie blyk te wees. Zimmerman & Dickerson (1996:77 e.v.) verwoord dit soos volg in hul hoofstuk *I knew who I was when I woke up this morning*:

What we found is that once persons begin to experience themselves as separate from the problem, and, even more, to understand the problem as existing in a meaning system, they seem to notice other possibilities spontaneously. They begin to appreciate other self-narratives. In fact, they begin to experience themselves differently as persons. It is this experience of other versions of self that we want them to notice....

#### **4.9. UNIEKE UITKOMSTE.**

Zimmerman & Dickerson (1996:79) meld dat wanneer hulle aandag skenk aan 'n "unique outcome" hulle deurgaans daaraan dink hoedat hulle vrae kan vra wat aan die kliënt die ruimte sal bied om op te merk en aan te dui of dit gebeur van voorkeur vir hulle is. En meld hulle, "Sometimes the problem tricks people into not knowing what they think or what they want. That is why it is imperative to work with them to create sufficient separation from the problem". Eers dan kan hulle begin om ander moontlikhede waar te neem. Verder meen hulle dat "unique outcomes" 'n geskiedenis het, en stel hulle daarin belang om "unique outcomes" binne 'n verhaal te plaas wat dit kan deurdra na 'n hede en 'n toekoms wat inpas by dit wat die kliënt vir sy/ haar lewe wil hê, en nie wat die kultuur aan hulle voorskryf nie.

Dikwels word unieke uitkomst opgemerk in die "gaps", dit is, "...in the things not said, the experiences not storied". Zimmerman & Dickerson (1996:57) meld die volgende, "However, these possibilities are always present in the client's experience; they have been lost, not attended to, not stored in memory, not 'storied' ". Die onderdrukkende aard van probleme neig om mense se ervaringe te onderdruk en om hulle blind te maak vir gebeurte en bedoelinge wat teenoor die probleem staan. Zimmerman & Dickerson (1996:79) merk op, "Another way to say this is that the problem *marginalizes* what could be seen as preferred developments in people's lives".

Vir Chereese het die omkeer van bang-wees en terug-deins na opstaan en terugkry nie dadelik gebeur nie. Tog was dit in ons gesprek nie moeilik om 'n "unique outcome" te vind nie, aangesien haar brief Terugkry as 'n "entry point" tot 'n nuwe verhaal gebied het. Soos met Chereese se brief, is die narratiewe terapeut altyd op die uitkyk vir kontradiksies – iets wat teenoor die probleem staan – en dikwels duik hierdie kontradiksies op in die proses van uitvra na die effek van die probleem op die mense se lewens, en kan die terapeut belangstelling en nuuskierigheid hierin toon as unieke uitkoms. Zimmerman & Dickerson (1996:78) beskou unieke uitkomst as "entry points" tot alternatiewe verhale, en verwys hulle na Michael White se gebruik van hierdie term, te wete "unique outcomes", eerder as "positives" of "exceptions", aangesien dit uitkomst is wat nie voorspel sou kon word deur die lees van die probleem-verhaal nie. Gespreksgenote mag hierdie gebeure - unieke uitkomst - ervaar as positief, maar meer belangrik, kan hulle dit ervaar as hul voorkeur, en daarom kan unieke uitkomst baie nuttig wees in die skep van 'n alternatiewe verhaal.

#### **4.9.1 Unieke uitkomst: *Die onlangse en verre verlede.***

Die narratiewe terapeut begin dikwels vrae vra wat aandui hoedat die gespreksgenoot moontlik 'n invloed op die probleem sou hê byvoorbeeld, "Kan jy aan enige moment of gebeure dink in die onlangse verlede waar die probleem probeer het om jou onder te kry, maar jy het dit nie toegelaat nie en het jy dit weggestoot?". Dikwels antwoord die gespreksgenoot met 'n beklemtoonde "Nee", wat 'n aanduiding is van die onderdrukkende effek van die probleem. Die terapeut se tydsberekening met die stel van hierdie vraag is uiters belangrik. Dit sou die mees gepaste moment wees om hierdie vraag te stel indien daar reeds 'n opening vir 'n alternatiewe verhaal in die gespreksgenoot se ervaringe opgemerk is. Indien dit nie moontlik blyk te wees nie, begin die terapeut saam met die gespreksgenoot met 'n soektog na unieke uitkomst in die verre verlede.

#### 4.9.2 Unieke uitkomst: *Die hede.*

‘n Manier waarop unieke uitkomst in die hede na vore gebring kan word, is om saam met die gespreksgenoot op te let na enige huidige gedrag wat teenoor die probleem staan. Een duidelike so ‘n aanduiding is die feit dat die gespreksgenoot aangemeld het vir terapie. Die terapeut sou dit kon uitlig deur te vra na die gespreksgenoot se bedoeling met haar aanmelding vir terapie, byvoorbeeld, ‘Wat sê dit van jou as persoon en jou voorkeure dat jy aangemeld het vir terapie?’.

#### 4.9.3 Unieke uitkomst: *Die toekoms.*

Deurdad die terapeut fokus op die landskap van bewustheid kan die terapeut die gespreksgenoot ook uitvra na hul toekomstige hoop, doelwitte en begeertes. Hierdie soort vrae is veral belangrik in die lig van twee kruispunte in die terapeutiese proses: Die eerste is wanneer dit uiters moeilik blyk te wees om unieke uitkomst in die verlede of hede vas te stel; dan kan die terapeut die gespreksgenoot vra om ‘n toekoms te verbeel soos wat hulle daarvan sou hou. Hoewel, selfs om net ‘n toekoms-vraag te vra, sou hoop in die gespreksgenoot se perspektief kon innooi. Die tweede kruispunt in die terapeutiese proses waar dit nuttig is om op toekomstige moontlikhede te fokus, is wanneer die terapeut en gespreksgenoot meewerk aan die ryker vertelling (“thickening”) van die alternatiewe, voorkeur-verhaal. Zimmerman & Dickerson (1996:85) skryf:

##### **The Authors speak**

Our theory suggests that contradictions to the problem story already exist in each client’s experience, but that these contradictions have been marginalized and thus not noticed or attended to, and have therefore gone unstoried. We also believe that this position is very different from one in which we need to give ideas or suggestions to the client.

**The Problem speaks**

Excuse me, but part of my power is my ability to see in exquisite detail a past in which only those events that support me are noticed. I make these events into small stories that make up the larger, dominant story that has me as all-powerful.

**The Authors speak**

That is quite a trick , for you to push aside some experiences in favor of others that support you. You might muster a history; however, we also think that there are other *histories*, made up of events that support preferred stories, and that you have overshadowed them. When we search with clients for unique outcomes, we do so with the intention of shedding light on these events, bringing them out of the margins, making them not trivial. We then work with the client to notice a string of events that support unique outcomes. Thus, we begin to bring forth a different *history* - one without you. Because we see unique outcomes as entry points to alternative stories, we use these outcomes to help clients construct a new narrative. These outcomes *mean* something other than you. There are other possibilities, other discourses available, besides the ones that support you. When clients indicate a present attitude or behavior that is clearly preferred, we try to help them locate that attitude or behavior in some part of their past, which you have blinded them to or misinterpreted for them.

**The problem speaks**

Who . . . me?

Die volgende transkripsie gee 'n gedeelte weer van 'n gesprek tussen Chereese, myself en Nina, 'n student besig met haar Meestersgraad in Christelike Berading. Wat opvallend in hierdie weergawe van Chereese se verhaal is, is die opgewondenheid oor die ontwikkeling van haar verhaal, en daarmee saam haar identiteit, 'n verhaal wat nie voorspel sou kon word in die lig (of moet ek eerder sê die 'skaduwee') van die probleem-deurweekte verhaal nie.

Chris: Nina, ek wonder of jy iets wou sê of vra?

Nina: Dit was vir my baie interessant want ek sien nou hoe belangrik dit is om te fokus op die - soos hulle sê –“positive outcomes”.

Chris: Ja...?

Nina: In haar storie was daar eintlik dadelik “positive outcomes” gewees, en die tipe persoon wat sy is. Ek dink sy gaan okay wees op die ou einde.

Chris: Chereese, ek het werklik gedink ons gaan die heelyd net oor Bang en Kwaad praat, en hier kom jy en jy vertel van 'n klomp planne. So, my vraag is, wat sê dit van jou, wat dink jy sê dit van jou dat jy so 'n klomp planne kon maak ten spyte van Leon se dronk-wees en misbruik?

Chereese: Wel, eintlik het ons dit van ons ma af geërf, en dit voel vir my soos wat ek nou hierdie storie vertel het, ek het nooit gedink ek gaan dit uit kan vertel nie, tot op 'n dag wat ek dit vertel het. En dit voel vir my soos, “Wow!, jy kry dit reg!”.



Chris: Jy kry dit reg!, maar, wat sê dit van jou dat jy dit kan regkry?

Chereese: Dit sê vir my: “Chereese Myburgh is *brave*, is braaf”.

Chris: Wow! Chereese Myburgh is “brave”. En jy sê jy het dit van Mamma geërf? So, is dit wie ‘n Myburgh-meisiekind is? Iemand wat kan planne maak, iemand wat braaf is?

Chereese: Ja.

Chris: Kan jy dink aan enige iets anders wat dit nog van jou sê, van wie, watter soort mens, persoon jy is?

Chereese: Ek hoef eintlik net dankie te sê vir my ma vir wat sy vir my geleer het en vir wat sy my altyd vertel het.

Nina: Jy het in jou briefie baie geskryf en netnou toe ons buite gepraat het, van, jy wil “revenge” hê en jy wil mense terugkry, en daai magtelose gevoel want jy kan niks doen nie want jy kan nie by hom uitkom nie. Maar toe jy nou- nou gepraat het oor dat jy het tog wel in ‘n mate vir Leon teruggekry het, toe jy hom be-“jump” het, en julle het planne gemaak, en jou sussie het hom aan die been gebyt. So, jy kan miskien daarvoor gaan dink dat alhoewel dit voel asof jy magteloos was, jy toe al klaar iets gedoen het al was julle nog so klein gewees. So, jy is nie so magteloos soos wat jy dink het jy is nie.

Chris: Ek waardeer dit baie dat jy iets van jou waarneming van Chereese se verhaal met ons deel – ek het net gewonder, Chereese, of jy nou besef hoedat Vrees en Bang se swaar storie regtigwaar gekeer het dat jy hierdie sterk dinge van jouself ontdek en weet. So, ek wonder of jy nie dalk hierdie week kan gaan dink of daar nie nog ander kere was..., onthou nou, jy het gesê, ‘n Myburgh meisiekind is iemand wat kan planne maak’, en ‘n Myburgh-meisiekind is iemand wat braaf is’, en toe vertel jy vir ons ‘n storie, eintlik baie stories van deure sluit, in kaste en banke wegkruip... so, ek wonder net of jy ook dalk kan gaan dink aan ander kere nog, al was dit kleiner of groter gebeurtenis of kere waar jy planne gemaak het of braaf was of opgestaan het teen hom. En dan, as jy wil, kan jy vir ons daarvan kom vertel.

Chereese: Okay, dit help my.

#### **4.9.4 Om aan die “counterplot” ‘n naam te gee en om die voorkeur-verhaal te “thicken”.**

Die rigting waarin die terapie beweeg is om voort te gaan om die gespreksgenoot te ondersteun in die ontwikkeling van haar voorkeur-verhaal, ‘n verhaal wat teenoor die probleem-verhaal staan. Wanneer verdere eksternalisering plaasvind, sit die terapeut in samewerking met die gespreksgenoot die proses voort waarin meer aandag aan unieke uitkomstige geskenke word, waarin gevra word of hierdie kontradiksies deur die gespreksgenoot verkies word (voorkeur), en waarin ‘n alternatiewe verhaal ontwikkel word. ‘n Verdere manier waarop hierdie veranderde rigting uitgelig kan word, is om ‘n naam aan die “counterplot” te gee.

Aanvanklik het Chereese daaraan gedink om haar voorkeur-verhaal *Terugkry* te noem, sy het egter van plan en haar verhaal van naam verander nadat sy geleentheid gehad het om haar verhaal met die Talitha Kumi-groep te deel. [Meer oor die Talitha Kumi-groep in hoofstuk 5.] In hierdie groepsessie het Chereese agtergekom dat *Terugkry* en *Kwaad* soms “buddies” is, en het sy gemeen dat hierdie verbintenis nie haar in ‘n rigting sou neem wat haar voorkeur-verhaal sou verteenwoordig nie. Nadat Chereese se verhaal vertel het, ‘n vertelling wat ryk was aan agentskap, intensie, gebeure, karakters-in-aksie en dit wat sy bereik het (landskap van aksie), het die Talitha Kumi-groep daarop gereflekteer deur betekenis- en identiteit-vrae aan Chereese te stel. Hierdie vraagstelling-sessie het Chereese se eie betekennisse, begeertes, bedoelinge en waardes na vore gebring (landskap van identiteit). Dit was tydens hierdie sessie dat die groep opgemerk het dat hulle nou weet dat Chereese baie “guts” het. Hierop het Chereese self die naam van die “counterplot” gemunt as “Chereese het *guts*”.

Dit is dikwels nuttig om reeds vroeg in die terapeutiese proses ‘n naam vir die “counterplot” te kry, aangesien dit ‘n anker of ‘n saadjie kan wees vir die ontwikkeling van ‘n voorkeur-verhaal. Tog, soms word die benaming van ‘n kontradiksie te vroeg gemunt aangesien die voorkeur-verhaal nog nie genoegsaam ge-“thicken” is deur voortgaande vraagstelling wat die gespreksgenoot se outeurskap en agentskap (“agency”) sou bevorder nie. In die lig hiervan was my aanvoeling om nie te gou Chereese se voorkeur-verhaal die naam van *Terugkry* te gee nie, bevestig – alhoewel ek baie opgewonde was oor hierdie opening.

Zimmerman & Dickerson (1996:91-92) merk op dat hulle dit dikwels nuttig gevind het dat die probleem-verhaal se benaming probleem-aanwysend verwoord word, en dat die voorkeur-verhaal die gespreksgenoot se naam bevat. En noem hulle die voorbeeld van ‘n jong vrou wie se ervaring binne haar gesin een was van mislukking en nie opweeg teen haar ouers se verwagtinge nie. Die probleem-

verhaal was genoem “The Black Sheep Story”, en die voorkeur-verhaal was genoem “Laura’s Story”. En merk Zimmerman & Dickerson (1996:92) op, “The overarching advantage is that externalizing and locating the problem in its sociopolitical context becomes the vehicle for protest, for challenge, for resistance against any and all of the subjugating practices of cultural discourses”.

**The Authors speak**

In this sense, therapy becomes a political act, countering the negative effects of the culture.

Zimmerman & Dickerson (1996:92) gaan voort om die voordele daarvan te bespreek om die probleem-, sowel as die voorkeur-verhaal te benoem. Eerstens, dit laat ‘n merkbare verwydering toe tussen die probleem en wat die gespreksgenote vir hulleself wil hê. Tweedens, dit neig om die proses te fokus deurdat ‘n raamwerk voorsien word waarbinne die alternatiewe, voorkeur-verhaal gekaart kan word. Derdens, benoeming ondersteun die gespreksgenote daarin dat hulle hul eie persoonlike krag ervaar in die ontwikkeling van wat hulle voorkeur is, en in die kies van watter invloede hulle op wil reageer. Vierdens, en moontlik die belangrikste, dit neig om die nuwe omskrywing te skep, en vorm dit die gespreksgenote se voortgaande ervaring, en het dit ‘n invloed op wat hulle doen en hoe hulle dink oor wat hulle doen. Zimmerman & Dickerson (1996:92) stel dit soos volg:

Whether we name individual chapters or name the overall new story or both, it is through continuing to notice events that contribute to the new story, and asking questions to help a client develop a history of preferred developments *and* extend the meaning of each event, that the story becomes not just a blip in experience, but a rich and well-developed narrative.

In every case, it calls forth the experience of persons being agents in their own lives and authoring their own stories, always in the context of a community of meaning and as preferred response to what clients have previously experienced as the negative effects of some cultural discourse. This brings us to the therapist's role in asking questions to elicit this elusive activity or quality, called "agency".

Hierop verskaf Zimmerman & Dickerson (1996:93) 'n eenvoudige definisie, of dan omskrywing van wat hulle bedoel met "agency", te wete, "...'agency' means that each of us can play a part in choosing what to let guide us and in what contexts, based on a consideration of *all* of our experiences"; en "We are more interested in whether or not what sticks or gets attended to is what fit for us. Is it helpful, useful, pleasing, desired, preferred?".

Chris: Vanuit die brief het ek gedink die woord Terugkry is 'n groot woord, nê?

Chereese: Ja.

Chris: En ons het nogal in ons eerste gesels baie daarvoor gepraat. Toe gebeur daar in die groep 'n interessante ding ... toe jy vir die groep van Terugkry vertel, en hulle vir jou die storie terug vertel, toe gebruik hulle die woord "guts". Is *Guts* en Terugkry vir jou dieselfde ding?

Chereese: Om die waarheid te sê ek weet nie.

Chris: Okay. Kan jy onthou dat ons in die groep nogal gewonder het of Kwaad nie nog partykeer saam met Terugkry gaan nie, maar dat *Guts* en Kwaad nie saam gaan nie, of hoe dink jy?

Chereese: *Guts* het glad nie kwaad in nie.

Chris: Okay, ek het ook nogal gewonder daaroor dat jy self nooit voorheen van *Guts* gepraat het nie, en het ek gewonder of jy geweet het jy het “guts”?

Chereese: Uhm, nee.

Chris: Kan jy dink aan iets wat gemaak het dat jy dit nooit van jouself geweet of gedink het nie?

Chereese: Ja, omdat Bang en Vrees te groot was?

Chris: Okay, maar toe die groep na jou storie geluister het, het hulle opgemerk dat jy “guts” het. Het hulle dan nie vir Bang en Vrees raakgesien nie, of dink jy die groep is te blind om dit raak te sien?

Chereese: Nee, hulle kan iets raaksien wat niemand anders nog ooit raakgesien het nie, want *Guts* is sterk, soos ‘n sterk man.

Chris: Goed, maar jy het nie geweet *Guts* is daar nie?

Chereese: Nee, ek het nie geweet nie.

Chris: Of het jy *Guts* net 'n ander naam gegee?

Chereese: *Revenge*, ek het dit *Revenge* en Terugkry genoem.

Chris: Wow! wat het jy gedink toe die groep jou storie hoor en toe sê hulle: “Sjoe, maar Chereese het baie *guts*”! Wat het jy gedink toe jy die eerste keer daai woorde hoor? En noudat jy besef maar Terugkry is al lankal in jou lewe, en dat jy eintlik al lankal *Guts* het – hoe voel jy daarvoor?

Chereese: Toe besef ek, maar hulle is reg, ek het “*guts*”!

Chris: Ja. En jy het dit in die groep ook so gesê: “Ja, ek besef nou ek het *guts* gehad”.

Chereese: Ja.

Chris: Hoe dink jy het dit so gebeur dat jy dit eers in die groep raakgesien en besef het?

Chereese: Wel, hulle het dit op 'n mooi manier vir my gesê en ek het nooit gedink maar dit kan so wees nie, en toe kom vertel hulle vir my, en toe sê ek: “Dis waar, ek het *guts*”!

Chris: Nou wonder ek maar net... wat was Leon se storie altyd oor jou?

Chereese: Wel, toe my vriendinne uitvind van wat gebeur en wat ek en my suster gedoen het - dat ons hom be-“jump” het - het hulle na my toe gekom en gesê: “Jissie, waar kry jy die energie om dit te doen?”. Toe sê ek: “Nee, ek het ‘n mal sussie en dan kan ek mos ook mal word”.

Chris: Okay. So, het Angelica jou aangesteek of het jy met jou eie energie en jou eie “guts” hom teruggekry?

Chereese: Ja, my sussie het my aangesteek, maar ek het ook met my eie...

Chris: Okay. Dink jy Terugkry en *Guts* is iets wat jy wil saamneem in jou lewe?

Chereese: Ja, beslis.

Chris: Vir wie is *Guts* en Terugkry goed?

Chereese: Dis goed vir my.

Chris: Hoekom steek jy jou hand op, hoekom hou jy jou hand op as ons praat oor ‘Dit is goed vir my’?

Chereese: Want ek is die een wat die energie en die *guts* het en ek is die een wat terugkry.



Chris: Wow! Nou wonder ek net... as *Guts* en Terugkry hier staan, wat staan hier teenoor dit? Wat is dit wat nie van *Guts* en Terugkry hou nie?

Chereese: Bang en Vrees.

Chris: Wat nog?

Chereese: En Kwaad.

Chris: Wat het Vrees en Bang die heelyd gedoen?

Chereese: Hulle wou hê ek moes stilbly.

Chris: Jy moes stilbly... wat nog? Hoe wou Bang en Kwaad en Vrees hê Chereese moet dink en voel oor haarself?

Chereese: Sleg.

Chris: Sleg? Hoeveel wou hulle hê moes Chereese gedink het sy is werd?

Chereese: Niks.

Chris: En *Guts* en Terugkry, hoeveel sê hulle is Chereese werd?

Chereese: Baie.

Chris: Baie... soos in hoeveel?

Chereese: Ooh! Hulle sê: "Groot"!

Chris: Groot! Wow! Het Chereese dit voorheen geweet en gevoel?

Chereese: Nee.

Chris: Sê gou net vir my vir interessantheid... mamma en oupa, hoeveel sê hulle is Chereese werd?

Chereese: Ek is 100% werd.

Chris: Wow! So, as hulle deel van jou groep is, kan hulle jou die hele tyd daaraan herinner...?

Chereese: Ja.

Chris: ...dat jy baie werd is?

Chereese: Ja.

Chris: Wow. En, sê my gou...Bang en Vrees, hou hulle daarvan as ons hieroor praat?

Chereese: Nee.

Chris: En, sal hulle wil hê dat oupa en Mamma moet deel wees van jou lewe en deel wees van jou klub?

Chereese: Nee.

Chris: Want, onthou jy, ons het nogal so bietjie daarvoor gepraat dat Bang en Vrees nog partykeer wil terugkom in 'n mens se lewe. Maar nou wonder ek of jy dink... hoe sterker en hoe meer oupa en ouma in jou lewe is, hoe minder plek sal daar wees vir Bang en Vrees?

Chereese: Wel, ietsie bietsie.

Chris: Ietsie bietsie? Sê nou maar jou lewe is 10 blokkies, hoeveel blokkies van jou lewe is j'ou lewe, en hoeveel blokkies het Bang en Vrees al voorheen by jou gevat, kom steel?

Chereese: Wel, nege.

Chris: Nege? En jy het 'n ietsie bietsie...?

Chereese: Ja.

Chris: En nou, hoe lyk dit nou?

Chereese: Nou het hulle 'n ietsie bietsie.

Chris: Wow! Wie is die ouens wat “smile” daaroor dat jy nou nege blokkies het en hierdie ander ga-ga goeters net ‘n ietsie bietsie?

Chereese: Wel, *Guts* en Terugkry.

Chris: En oupa en Ma?

Chereese: Én oupa en Ma!

Chris: En die lede van jou klub, *whoever* hulle gaan wees?

Chereese: Almal!

Chris: So hulle is die ouens wat daarvan hou dat *Guts* en Terugkry in jou lewe is, en hulle is die ouens wat daarvan hou en jou ondersteun dat jy jou blokkies teruggevat het?

Chereese: Ja.

Chris: Wanneer het dit gebeur dat jy die blokkies van jou lewe begin terugvat het?

Chereese: Toe, toe ek besef het dit is nie die moeite werd om te sit en treur nie. Ek het vir myself gesê: “Vat jou lewe terug, jy moenie bang wees nie. Vat dit terug, dit is jou lewe”.

Chris: Nou wanneer het jy al daai goeters begin doen en begin praat en met jouself daaroor gepraat?

Chereese: In die groep.

Chris: In die groep? Wow! So, in die afgelope twee maande het dit in jou lewe gebeur dat jy van ietsie bietsie tot nege blokkies van jou lewe teruggevat het?

Chereese: Ja.

Chris: Hoekom het jy dit teruggevat?

Chereese: Want ek wil nie my hele lewe bang wees vir mans en dit nie. Ek wil vir hulle wys... hoekom moet 'n vrou bang wees? 'n Vrou kan mos opstaan vir haar regte.

Chris: Wow! En hoe voel jy daaroor dat hierdie verandering in jou lewe plaasgevind het?

Chereese: Ek voel bly.

Chris: Het jy twee maande gelede gedink dit kan gebeur in jou lewe?

Chereese: Ja, ek het vir myself gesê dit kan en dit gaan!

Chris: Wow! Wow! Lyk my *Guts* is beslis daar!

Chereese: Ja.

Chris: Dit is fantasties! Hou jy van die Chereese wie jy nou is?

Chereese: Ja.

Chris: Hoekom?

Chereese: Want sy is ‘n persoon wat nou opstaan en nee sê vir die goeters, uitdruklik nee.

Chris: Wow! En wat lag en glimlag...?

Chereese: Ja.

Chris: En wat dit geniet om ge-“connect” te wees met oupa en Ma?

Chereese: Ja.

Chris: Wat haar storie in ‘n groep kan vertel en deurwerk?

Chereese: Ja.

Chris: Wow! Wat nog? Wie is hierdie Chereese nog? Iemand wat...?

Chereese: Iemand met *Guts* en blydschap en energie... en met krag.

Chris: “Stunning! Stunning!” Hierdie goeters wat jy nou alles vir my gesê het, was dit nog altyd deel van jou lewe?

Chereese: Ja.

Chris: Okay, maar dit was ietsie bietsie?

Chereese: Ja, dit was ietsie bietsie.

Chris: Bang en Vrees wou dit vreeslik graag nog kleiner en kleiner en kleiner maak?

Chereese: Ja.

Chris: En nou het ons dit net...?

Chereese: ...groter gemaak.

Chris: Ja! Dit was daar... ons het dit navore gebring.

Chereese: Ja.

Chris: Dis hoekom jy kon “survive” het. Dis hoekom jy kon oorleef het deur al daai moeilike en gagga tye, nê? Want dit was alles daar.

Chereese: Ja.

Chris: Is dit die storie van jou lewe, hierdie ene?

Chereese: Ja.

Chris: Of die een onder Bang en Vrees?

Chereese: Hierdie ene, want ek het baie verander. My persoonlikheid... alles het verander.

Chris: Hoe het dit verander?

Chereese: Wel, ek was baie kere dikbek of omgekrap en ek het nie van die dae gehou nie, ek wou net slaap en dit, maar nou is ek vol energie en blydschap.

Chris: Wow! Dink aan 'n naam vir hierdie storie, en die ou storie?

Chereese: Wel, hoe kan 'n mens sê: Van pyn na liefde.

Chris: Wow! Dis mooi. Nog 'n naam.

Chereese: Okay, 'n naam vir die ou storie: Pyn en Swaarkry, en 'n naam vir die nuwe storie: Verlig en Blydschap.

Chris: Wow! Dis “stunning”! Nou dink jy nie ons het genoeg rede om te “celebrate” nie?

Chereese: Ja.

Chris: Goed. Dis jou huiswerk vir Woensdag. Jy moet 'n “celebration” beplan, en dan kom vertel jy watter planne jy gemaak het, soos wie jy gaan nooi. Dit kan die lede van jou klub wees, dit kan Talitha Kumi wees, dit kan *whoever* wees. En jy besluit watse eetgoed en koeldrank of *whatever* jy daar wil hê.



Chereese: Okay.

Chris: Ons gaan ‘n “celebration” hou oor die Bly- en Verlig-storie.

Chereese: Doodreg.

Chris: Doodreg? Wat beteken daai groot oë wat jy maak?

Chereese: Dit beteken huiswerk hier kom ek!

#### **4.9.5 Agentskap, Outeurskap en “Agentive Gap”.**

Die her-vertel en her-skryf van ‘n verhaal kom voor wanneer die gespreksgenote nie net daardie gebeure, aksies en gedrag, wat hulle beter pas as dié waarvoor die probleem-verhaal hulle gewerf het, begin opmerk nie, maar ook tot verhaal bring. Dit kom ook voor in die proses om ‘n *geskiedenis* te ontwikkel, om uit te brei op gebeure oor tyd, dit wil sê, die ontwikkeling van ‘n intrige-lyn. Die nuwe verhaal word *ryker* hoe meer karakters – anders as die protagoniste - ingesluit word, karakters wat deel uitmaak van die gespreksgenoot se her-skryf konteks. Hierdie werk verwys na die voortbring van ‘n landskap van aksie, met beide ‘n verre en onlangse geskiedenis, met ‘n verbeelde en voorkeur-toekoms, en met persone en hul aksies as deel van daardie geskiedenisontwikkeling. Maar ook ‘n landskap van bewustheid of identiteit, dit wil sê, die gespreksgenoot se ervaring van betekenis in ‘n verhaal. Dit sluit in, aldus Zimmerman & Dickerson (1996:94), persoonlike karaktereienskappe, begeertes en voorkeure, doelwitte, bedoelinge en filosofieë, waardes en oortuiging, “...and a commitment to a way of life and ways of being”. Hierdie twee landskappe word beskou as relevant tot die ontwikkeling van verhale, maar ook as krities tot ‘n narratiewe benadering tot terapie.

Verhale vra om 'n verteller en 'n protagonis, en in die meeste gevalle waar ons met 'n "self-narrative" te doen het, is die verteller en die protagonis een en dieselfde persoon. Die uitsondering kom voor wanneer 'n probleem-verhaal 'n persoon se lewe oorneem, of wanneer iemand anders se verhaal dominant word. In hierdie gevalle fnuik die probleem die gespreksgenote daarin om te dink dat hulle steeds die outeurs is van hul eie verhaal, terwyl die probleem in der waarheid oorgeneem het en die verteller se stem aangeneem het. Hierop merk Zimmerman & Dickerson (1996:94) op:

The countertrick requires a wrestling of authorship away from the problem. This process is one that calls for a great deal of attentiveness to a person's preferred narratives, as well as a vigilant opposition to the subtle influences of cultural discourses. In order to assist in that process, the therapist's task is to develop agency with and for the client, always attending to the client's world of meaning and experience, and continuing to call attention to agentive gaps.

Dit beteken dat die terapeut saam met die gespreksgenoot werk om voorheen nog-nie-opgemerkte aspekte van hul ervaring op te merk, wat voorkom in óf die landskap van aksie óf die landskap van bewustheid wat persoonlike agentskap weerspieël in 'n voorkeur rigting. Zimmerman & Dickerson (1996:94) is van oortuiging dat hierdie gebeure plaasvind met bedoeling ("intentionality"), en behels die terapeut se werk saam met die gespreksgenoot, om die klein eenhede van ervaring, wat die voorkeur-aktiwiteit omring, na vore te bring in soveel as moontlik detail. Dit vra ten eerste dat opgemerk word wat die gespreksgenoot moontlik (nog nie) nie opgemerk het nie, en om dan vrae te stel om agentskap uit te lig sodat die gespreksgenote hul eie agentskap in hierdie gebeure kan waardeer. Hierdie proses van vraag en respons verdik ("thickens") die weergawe van 'n aktiwiteit en die betekenis wat daaraan toegeken word tot 'n verhaal.

Die volgende transkripsie – waaraan ek self die titel, *Die groot swartsak en die groot glimlag* gegee het – toon op opmerklike wyse hoedat Chereese se “agentive self” ontwikkel het. Die transkripsie is ‘n illustrasie van die energie wat Chereese daarin gesit het om haar voorkeur-verhaal te konstrueer, asook die treë wat sy geneem het in die skepping (of moet ek eerder sê die *vrylating*) van haar nuwe persoonlikheid. Hierdie kort transkripsie verteenwoordig ‘n enkele moment van alles wat Chereese deur haar “re-authoring”-werk bereik het, wat onder andere beteken dat Chereese daarin geseëvier het om die outeurskap van haar verhaal terug te neem van die probleem – “The countertrick requires a wrestling of authorship away from the problem”, volgens Zimmerman & Dickerson (1996:94).

Chris: Chereese, ek wonder of ons vandag daar gaan klaarmaak. Tog het ek oor nog een ding gewonder - ons het in die Talitha Kumi-groep al baie gesels, maar jy het vandag goeters vertel wat ons glad nie in die groep oor gesels het nie, nê? So, ek wonder hoe voel jy daarvoor om van hierdie goeters te vertel?

Chereese: Wel, my storie kom nou elke dag ‘n stukkie vir stukkie uit, so dit voel vir my meer en meer ligter... en ligter, soos daai sak.

Chris: So, jy onthou die groot swartsak vol van al die gemors, soos leuens en misleiding, en dat Bang en Vrees nog altyd die sak toegehou het?

Chereese: Ja.

Chris: Okay. En jy sê dit laat jou meer en meer ligter voel?

Chereese: Ja.

Chris: En die groot glimlag?

Chereese: Ja.

Chris: Het jy nog nooit voorheen van hierdie goeters vir iemand vertel nie?

Chereese: Uhh-hm.

Chris: Maar goed, jy het tog geweet ons gaan vanmiddag hierdie afspraak hê?

Chereese: Ja.

Chris: Het jy voor die tyd gedink: “Sjoe, nou sal ek al hierdie goeters moet gaan vertel”, of het jy glad nie eers daarvoor gedink nie?

Chereese: Nee, ek het nie gedink nie.

Chris: Okay. Maar toe ek begin vrae vra en jy besef ek sit nou eintlik daardie sak hier neer - hoe het jy gevoel toe ons die sak begin oopmaak?

Chereese: Ek was in die eerste deeltjie ‘n bietjie verstom want ek het nie verwag die sak gaan hier neergesit word nie. Maar nou dat die sak oopgemaak is, nou voel dit vir my al hoe lekkerder.

Chris: Okay. Wow!, want ek kan dit aan jou glimlag sien?

Chereese: Ja.

Chris: Wow! Ek geniet eintlik jou glimlag saam met jou, maar ek wil nie wegneem dat dit eintlik swaar, ga-ga goeters was waaroor ons gepraat het nie.

Chereese: Hulle sê mos as jy die goed stilhou, krap dit jou binneste goed om.

Chris: Waar het jy dit geleer?

Chereese: In die groep.

Chris: Aan die begin het Bang en Vrees die sak nog styf toehou, maar in die groep het jy agtergekom dat jy braaf is en baie *Guts* het, en daarom kon jy die sak meer en meer oopmaak...?

Chereese: Ja.

Chris: Hoe voel jy nou dat jou lewe, energie en blydschap nie meer deur Vrees en Bang gesteel word nie, en dat jy nou self oor die rigting van jou lewe kan besluit?

Chereese: Ek is baie bly!

#### 4.10. VAN 'N FOTO EN 'N KERSFEESBOOM.

Daar is altyd “sparkling events” wat die probleem-deurweekte verhaal weerspreek. En dit is waarom hierdie hoofstuk gegaan het, hoedat die narratiewe navorser en terapeut mense kan uitnoui om hierdie “sparkling events” vas te vang en in verhale te ontwikkel wat hulle wíl leef, en om in hierdie *leef* hulself te ken en te ervaar op voorkeur, bevredigende wyses. Freedman en Combs bevestig dat die narratiewe waarvan hulle praat die verhale is wat mense *leef*, en daarom, “...since our life narratives are our lives, it makes all the difference in the world what sort of narrative is available to a person”.

Jerome Bruner het van “subjunctivizing” gepraat om iets van “...trafficking in human possibilities rather than in settled certainties” te verwoord. In beide Madilise en Chereese se verhale was dit my voorreg om te sien hoedat hierdie “human possibility” aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van alternatiewe, voorkeur-verhale, wat hierdie dogters se lewens op 'n kragtige wyse geëmansipeer het. Alhoewel ek nooit vooraf kon voorspel wat die *oplossings* sou of behoort te wees nie, was dit telkens avontuurlik om langs die dogters te staan en te sien hoedat die *foto* stadig-stadig ontwikkel. En elke keer – as ek nou terugkyk – die interessante dat die *oplossing* daar by ons gelê en wag het dat ons dit moet optel en vasspeld aan die *Kersfeesboom*.